# DOELGERIGTE LEWE

“It is in Christ that we find out who we are and what we are living for… part of the overall purpose He is working out in everything and everyone.” Eph. 1:11 (Mes)

“omdat God alles deur Hom geskep het. Ja, alles in die hemel en op die aarde – die dinge wat gesien kan word en die dinge wat nie gesien kan word nie, of dit nou konings of heersers, regeerders of magshebbers is – álle dinge is deur Hom en vir Hom geskep.” Kol 1:16(NLV)

**1. God het als beplan vir Sy plesier – sodat ek hom kan BELEEF.**

“You God created everything, and it is for Your pleasure that they exist and were created!” Rev. 4:11b (NLT)

“Want die Here verbly Hom in sy volk; met sy redding hef Hy die hulpeloses op.” Psalm 149:4

“Deur wat Christus gedoen het, het God ons uitgekies. Omdat Hy ons liefhet, het Hy ons, al voor die wêreld gemaak is, uitgekies om Syne te wees en onberispelik in liefde voor sy aangesig te lewe.” Efesiers 1:4 (NLV)

“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.’ Dit is die eerste en belangrikste opdrag.” Matt 22:37-38 (NLV)

“I don't want your sacrifices – I want your love! I don't want your offerings – I want you to know Me!” Hosea 6:6 (LB)

**Die eerste doelwit in ons lewens is om God te BELEEF – Hom te ken en lief te hê**

“Some people have missed the most important thing in life – they don't know God.” 1 Tim. 6:21 (LB)

“As julle dit doen, tree julle op soos mense wat God glad nie ken nie. Julle het mos ’n Vader in die hemel wat presies weet wat julle nodig het. Hy sal sorg dat julle dit alles kry.” Matteus 6:32 (DB)

**2. God het ons gevorm (gemaak) vir Sy Familie - sodat ek kan BEHOORT**

“Deur wat Christus gedoen het, het God vooraf besluit om ons as sy kinders aan te neem. Hy het dit gedoen omdat dit is hoe Hy dit wou hê.” Efesiers 1:5 (NLV)

“Julle is dus nie meer uitlanders en bywoners nie, maar medeburgers van hulle wat aan God behoort. Ja, julle is lede van God se huisgesin. “ Efesiers 2:19 (NLV)

“Ingeval ek vir ’n tydjie nog nie kan kom nie, sal jy weet hoe mense hulle moet gedra in die huishouding van God – dit is die kerk van die lewende God wat die pilaar en stut van die waarheid is.”
1 Timoteus 3:15 (NLV)

**Die tweede doel van die lewe is om aan God se familie te BEHOORT – te leer om ander lief te he.**

"We <u>belong to each other</u> and each of us <u>needs all the others</u>." Rom. 12:5 (NLT)

**3. God het ons geskape om <u>soos Jesus te word</u> – sodat Hy ons kan BEMAGTIG**

"Want God het hulle reeds vooruit geken, en Hy het hulle aangewys om net soos sy Seun te word." Romeine 8:29 NLV

"Niemand kan vir God sien nie, maar God se Seun het vir ons kom wys hoe God is. Die Seun is die Eerste, die belangrikste van alles in die hemel en op die aarde, 16 want Hy het alles gemaak, God het gesê Hy moet dit doen." Kol 1:15-16 (BVA)

"Julle moet dink en doen soos Christus Jesus gedink en gedoen het." Filippense 2: 5 (BVA)

"Ons word al hoe meer verander om soos die Here te lyk met 'n heerlikheid wat steeds toeneem soos wat die Gees dit aan ons gee." 2 Kor 3: 18b (NLV)

**Die derde doel van die lewe is om God se BEMAGTIGING te ontvang – deur geestelik te groei.**

"Maar hulle is soos die plante wat nie diep wortels het nie en wat net 'n kort tydjie lewe. Hulle hoor die boodskap en hulle glo dit, maar wanneer die mense hulle daaroor verdruk, en hulle begin swaarkry, dan hou hulle op om te glo." Markus 4:17 (BVA).

**4. God het my gevorm/shaped <u>om hom te dien</u> – sodat ek kan BEDIEN.**

"U self het my diepste wese gemaak, my in die moederskoot gevorm." Psalm 139:13 (NLV)

**S** – Spiritual Gifts - Geestelike gawes
**H –** Hart
**A** – Abilities - Vermoëns
**P** – Personality - Persoonlikheid
**E** – Experiences - Ervarings

"Want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe." Ef 2:10 (NLV)

"God het aan elkeen van julle 'n genadegawe gegee. Met hierdie gawes moet julle mekaar dien sodat God se ryk genade deur julle na mekaar toe kan vloei." 1 Petrus 4:10 (NLV)

**Die vierde doel van die lewe is om God se mense te BEDIEN – deur Hom te dien.**

**5. God het my gemaak vir 'n missie – sodat ek kan BEINVLOED.**

Jesus: "In the same way that you gave me a mission in the world, I give them a mission in the world."  John 17:18 (Mes)

"Wanneer 'n volk nie duidelikheid het oor die wil van God nie, verloor hulle koers. As hulle leef volgens sy wet is hulle gelukkig." Spreuke 29:18

"My kinders, luister na my. Hulle wat op my pad bly, sal geseënd wees." Spreuke 8:32 (NLV)